87/93

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING) Saak no. 206/93

In die saak tussen:

BALOLEKILE SIMON MVEKE ....... Appellant

EN

DIE STAAT .................... Respondent

Coram: HOEXTER, EKSTEEN ARR *et* HARMS WN AR

Verhoor: 27 Mei 1993

Gelewer: 28 Mei 1993

---

# U I T S P R A A K

EKSTEEN, AR :

Die appellant is deur 'n landdroshof skuldig bevind aan die roekelose bestuur van 'n motorvoertuig en tot 12 maande gevangenisstraf gevonnis. Sy appèl na die Transvaalse Provinsiale Afdeling teen beide sy skuldigbevinding en vonnis is afgewys, en so ook sy aansoek by daardie hof om 'n verdere appèl na hierdie Hof te bring. Na 'n petisie aan hierdie Hof is appellant verlof verleen om slegs teen sy vonnis te appelleer, en dit is op hierdie grondslag dat die appèl voor ons kom.

By aanhoor van die appèl het mnr de

..../2

Jager aansoek gedoen om uitstel ten einde hom in staat te stel om ŉ aansoek te doen om verdere getuienis rakende vonnis voor die Hof te plaas. Mnr Jacobs, namens die Staat, het geen beswaar hierteen geopper nie, en ons is van mening dat appellant toegelaat moet word om sy voorgenome aansoek te bring.

ŉ Verdere aansoek by die hof *a quo* om appellant se borg te verleng hangende die uitslag van sy petisie aan hierdie Hof is ook afgewys op grond daarvan dat die hof nie bevoeg was om op daardie stadium, na afwysing van sy appèl, borg te verleen nie. Sonder om my enigsins uit te laat oor die juistheid

van hierdie siening, dien dit daarop gelet te word dat na die toestaan deur hierdie Hof van verlof om te appelleer die omstandighede verander het. Daar is nou 'n appèl hangende, en gevolglik is die hof <u>a quo</u> onteenseglik geregtig om ingevolge art 321(1) van die Strafproseswet no 51 van 1977 borg toe te staan. Dit staan appellant dus vry om weereens daardie hof om borg te nader.

Bygevolg word die aanhoor van hierdie appèl uitgestel ten einde die appellant toe te verlaat om aansoek te doen vir die aanhoor van verdere getuienis rakende vonnis. Dit word voorts gelas dat appellant sy aansoek tesame met enige

stawende verklarings op of voor 31 Augustus 1993 by die griffier van hierdie Hof moet liasseer, en hulle op die Staat beteken.

J P G EKSTEEN, AR

HOEXTER, AR )
stem saam
HARMS, WN AR )